# HOOFSTUK. 5.

## DIE STREWE NA SELFBESTUUR.

Die Adviesraad, deeglik bewus van sy eie gebreke, het in 1921 reeds vertoë tot die Unieregering gerig om groter selfbestuur vir Suidwes-Afrika. Dié herhaaldelike vertoë is uiteindelik met sukses bekroon deur die instelling van die 1925-grondwet in Suidwes-Afrika. Die vertoë om groter selfbestuur is enersyds geïnspireer deur die Adviesraadslede se besef van die gebreke waaraan die Adviesraadstelsel mank gegaan het, en andersyds weens toenemende kritiek van die plaaslike pers en publiek.

Tydens die sitting van Junie 1921 het die Administrateur sy misnoeë uitgespreek oor sy posisie as regeringshoof van Suidwes-Afrika. Die Unieregering moes die Administrateur se magte en bevoegdhede duideliker formuleer sodat hy Suidwes-Afrika doeltreffender kon bestuur. Raadslede Olivier, De Wet, Müller en Schneider was ook van mening dat dié toedrag van sake totaal onbevredigend was. Raadslid Schneider se voorstel in dié verband is eenparig deur die Adviesraad aanvaar: "that in the interest of the good government of this Territory this Council is of opinion that the position of the Administrator should be clearly defined by the Union Government." [1]

---

1. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of the meeting of the Advisory Council held on 15.6.1921, pp.63-67.

## 5.1. DIE RESOLUSIE VAN SEPTEMBER 1921.

Dié Adviesraadsresolusie wat in September 1921 na bespreking van die De Wet-kommissieverslag aanvaar is, verdien spesiale aandag. Die Adviesraad was van mening dat 'n Uitvoerende Raad en 'n Wetgewende Raad ingestel moes word. Die Wetgewende Raad moes oor volle wetgewende bevoegdhede beskik, onderworpe aan Uniebeheer, in ooreenstemming met die mandaatsbepalings. Suidwes-Afrika moes nie as 'n vyfde provinsie van die Unie bestuur word nie, aangesien die tyd nog nie daarvoor ryp was nie. Verder moes die Unieregering versoek word om die eiesoortige posisie van die Administrateur duideliker te omskrywe, aangesien sy posisie heeltemal anders was as dié van die provinsiale Administrateurs. Betreffende die posisie van die Duitse seksie, het die Adviesraad in beginsel aanvaar dat hulle deur middel van wetgewing outomaties Unieburgerskap sou verkry.[2.]

Die Administrateur, vergesel van adviesraadslede Schneider, Müller, Reuning, De Wet en dr. Jorrisson, die verteenwoordiger van die Landbank, het op 27 September 1921 na Pretoria vertrek. Die doel van die besoek was om die vernaamste probleme van Suidwes-Afrika met generaal Smuts te bespreek.[3.] Die Unieregering was bereid om die versoek in verband met die instelling van 'n Wetgewende en 'n Uitvoerende Raad vir Suidwes-Afrika toe te staan. 'n Belangrike voorvereiste vir die toekenning van groter selfbestuur aan Suidwes-Afrika was dat die netelige stemregkwalifikasiekwessie eers opgelos moes word.[4.]

---

2. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of the meeting of the Advisory Council held on 14.9.1921 and following days, pp.65-68 i; The Windhuk Advertiser, 3.12.1921; Südwest-Zuid West, 2.12.1921.

3. Allgemeine Zeitung, 26.9.1921.

4. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Record of proceedings of the Advisory Council meeting held on 6.12.1921 and following days, pp.12-13.

Tydens die laaste vergadering van die eerste Adviesraad wat gedurende Desember 1921 te Swakopmund gehou is, is die kwessie rondom die toekomstige regeringsvorm vir Suidwes-Afrika indringend bespreek. Die Administrateur was van mening dat die Suidwesters twee alternatiewe gehad het, naamlik die instelling van Uitvoerende en Wetgewende Rade, of die voortsetting van die Adviesraadstelsel. Eersgenoemde alternatief kon eers na die oplossing van die stemregkwessie in werking gestel word. Wetgewende en Uitvoerende Rade sou gevolglik eers in 1924 of 1925 'n realiteit kon word weens die sensitiwiteit rondom die stemregkwessie. Die bestaande reëling moes dus behou en die Adviesraad vergroot word. [5.]

Na 'n breedvoerige bespreking van die kwessie is dit, op versoek van dr. Reuning, weer die volgende dag aan die orde gestel. Op 7 Desember het die Administrateur die debat só ingelui: "Well gentlemen, I hope with the Namib on one side and the ocean on the other, we will be able to come to a decision on this important question." Die Administrateur het hierna die voorstelle van raadslede de Wet en Müller aan die Adviesraad voorgelê. [6.]

---

5. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Record of proceedings of the Advisory Council meeting held on 6.12.1921 and following days, pp.12-15.

6. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Record of proceedings of the Advisory Council meeting held on 6.12.1921 and following days, pp.15-19, 24.

Raadslid de Wet was van mening dat die Adviesraad sy oorspronklike resolusie van 20 September 1921 moes handhaaf. Die Unieregering moes versoek word om so gou as moontlik daaraan uitvoering te gee en om in besonder aandag te gee aan die oplossing van die burgerskapkwessie vir die ouer bevolking. De Wet was begerig dat die Suidwesters so gou as moontlik 'n beter regeringsbestel moes kry.

Daarenteen was raadslid Müller oortuig daarvan dat 'n geruime tyd sou verloop voordat die Uitvoerende Komitee en Wetgewende Raad ingestel sou kon word. In die lig hiervan moes die benoemde Adviesraad as 'n tussentydse maatreël omskep word in 'n verkose liggaam. Die naturalisasiekwessie en die vraagstuk van die toekomstige regeringsvorm moes gelyktydig opgelos word om sake te bespoedig. [7.]

Die Adviesraad het, na 'n breedvoerige debat, wyslik besluit om by sy oorspronklike resolusie van September 1921 te hou en om die Unieregering te versoek om dringend daaraan aandag te gee. Die Adviesraad, waarvan die ledetal in 1922 tot nege lede vermeerder sou word, sou intussen met sy werksaamhede voortgaan. [8.]

---

7. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Record of proceedings of the Advisory Council meeting held on 6.12.1921 and following days, p.24.

8. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Record of proceedings of the Advisory Council meeting held on 6.12.1921 and following days, pp.24-31; Die Suid-West, 23.12.1921.

Die plaaslike inwoners was deeglik bewus van die tekortkominge van die Adviesraadstelsel. Die Zuid West Vereeniging het tydens sy vergadering van 1 Julie 1922 die afskaffing van die Adviesraad en die instelling van 'n wetgewende liggaam bespreek. Na 'n breedvoerige bespreking is die volgende voorstel van D.P. Wolfaardt, gesekondeer deur B. Albertyn, aanvaar:

"a) dat de tijd nog niet ryp is voor de afschaffing van't Adviseerende Raad stelsel, doch dringt erop aan, dat't ledetal van de tegenwoordige Adviseerende Raad vermeerderd wordt, dat't platteland meer vertegenwoordiging moet krijgen en dat by de benoeming van zulke leden bestaande organisaties hier in't land geraadpleegt zullen worden.

b) Met't oog op toekomstige veranderingen in de regeeringsvorm van Zuid West Afrika, de Administrateur te verzoeken om intussen by de Unie regering erop aan te dringen de burgerrechten van de in dit land gevestigd zijnde Unie burgers te herstellen." [9]

Die Allgemeine Zeitung het ook sy misnoeë te kenne gegee oor 'n genomineerde Adviesraad, aangesien feitlik alle gesag nog steeds in die hande van die Administrateur was. Die Adviesraad moes eerder verkies word, want alleen dan sou hulle die vertroue van die plaaslike Blanke inwoners geniet. Die koerant was van mening dat Suidwes-Afrika homself moes help. Om dit te kon regkry, moes die inwoners 'n vrye hand hê deur selfverkose verteenwoordigers. [10]

Die toekomstige regeringsvorm van Suidwes-Afrika was 'n aangeleentheid wat skerp onder die soeklig gekom het tydens die

---

9. Die Suid-West, 7.7.1922.

10. Allgemeine Zeitung, 23.10.1922.

die Februarie-sitting van die 1922-Adviesraad. Administrateur Hofmeyr was begerig om die saak met die vergrote Adviesraad te bespreek voordat hy na Kaapstad sou vertrek. Die Administrateur was van mening dat enige besluit oor die toekomstige regeringsvorm van Suidwes-Afrika deur die hele Adviesraad geneem moes word. Dit was egter nie moontlik nie weens die afwesigheid van raadslede Manning en Staples. Raadslid Olivier was van mening dat die saak van die agenda verwyder moes word, aangesien die Unieregering nog nie gereageer het ten opsigte van die Adviesraadsresolusie van September 1921 nie. Die Adviesraad sou buitendien nie sy vorige resolusie verander nie. Die Administrateur het die raadslede daarop gewys dat hy die Unieregering reeds van dié besluit verwittig het, maar dat hy nog geen antwoord ontvang het nie. Op versoek van raadslede Otzen, Schneider en Meinert is die saak van die agenda verwyder, aangesien die Unieregering deeglik bewus was van die Adviesraad se mening en dus daarop moes reageer.[11.]

## 5.2. DIE RESOLUSIE VAN DESEMBER 1922.

Die Adviesraad het op 12 Desember 1922, nadat die Unieregering nog nie op sy vorige resolusie van September 1921 in verband met die toekomstige regeringsvorm vir Suidwes-Afrika gereageer het nie, eenparig 'n nuwe resolusie in dié

---

11. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of meeting of Advisory Council held on 2.2.1922 and following days, pp.18-22; The Windhoek Advertiser, 3.5.1922.

verband aanvaar. Die nuwe resolusie het nie die September 1921-resolusie vervang nie, maar was eerder 'n onderstreping daarvan. Die Adviesraad het die Administrateur versoek om die volgende belangrike sake onder die Unieregering se aandag te bring: [12]

"1. This Council recognising that continued uncertainty as to the future form of administration of this Territory is calculated to retard its progress and development, and to unsettle its population, is of opinion that the Union Government should be respectfully requested to make a definite pronouncement at an early date of its policy in this matter.

2. This Council, favouring the establishment of some form of representative government for this Territory, holds the view that it would be undesirable to exclude from participation therein any considerable section of the male adult European population and, therefore, considers that an early opportunity should be afforded the European population for acquiring the qualification of citizenship necessary for such participation.

3. This Council, while assuming that a uniform political status for all European male adults is an essential preliminary to the settlement of a form of representative government, or to participation therein and that a mandate citizenship is impracticable, is fully aware of the fact

---

12. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of meeting of Advisory Council, held on and after the 11th December, 1922, pp. 2-3; U.G. 21-1923: Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1922, pp. 5-6; The Windhoek Advertiser, 20.12.1922; Allgemeine Zeitung, 18.12.1922.

that German nationals in South West Africa cannot be expected to welcome the assumption of Union citizenship, but it believes that if the Union Parliament passes a law during its ensuing Session applying to all those German nationals domiciled in South West Africa at a certain date (say the 10th January, 1920), the status of Union citizenship, who do not within six months from the promulgation of such law make a declaration on oath declining such status, then the vast majority of the older inhabitants will acquiesce in such citizenship being applied to them automatically by legislative enactment.

4. This council, in expressing itself in favour of a form of representative government for this Territory, wishes to make it clear that in its opinion it will not be in the best interests of this Territory that it should in the near future be attached to, or governed as a fifth Province of, the Union."

Die Duitse seksie het heftig teenoor die aanvaarding van die resolusie van 12 Desember 1922 gereageer. Die Adviesraad was volgens hulle nie verkose verteenwoordigers van die plaaslike bevolking nie en het dus geen reg gehad om so 'n resolusie op te stel en te aanvaar nie. Die besluit om Britse burgerskap aan die Duitse Suidwester toe te ken, moes eers geneem gewees het nadat daar 'n deeglike meningsopname onder alle Duitsers plaasgevind het. Volgens hulle kon die Unie dit nie doen nie, aangesien Suidwes-Afrika nie geannekseerde Suid-Afrikaanse gebied was nie.[13]

---

13. Allgemeine Zeitung, 16.12.1922.

Die Administrateur, daarenteen, was tevrede met die aanvaarding van die resolusie van 12 Desember 1922, aangesien hy van mening was dat die bestuur deur een man nie wenslik was nie. Dit was logies dat die plaaslike bevolking sou aandring op 'n mate van selfbestuur. Veral die Unieseksie het hierin 'n groot rol gespeel, aangesien hulle alreeds in die meerderheid was. Die Administrateur het ook voorkeur gegee aan die toepassing van Unieburgerskap in Suidwes-Afrika, aangesien die sogenaamde mandaatburgerskap nie deur die bevolking aanvaar sou word nie.[14.]

Tydens die Adviesraadsvergadering van 19 Februarie 1923 het die Administrateur in sy openingstoespraak verslag gelewer oor die openbare vergadering van die Duitse seksie van 17 Februarie 1923 te Windhoek. Die vergadering is belê om die Adviesraadsresolusie van 12 Desember 1922 te bespreek. Die Adviesraad, met uitsondering van raadslede Manning, Raupert en Kruger was saam met die Administrateur op die verhoog. Slegs raadslid Otzen het aan die besprekings deelgeneem. Die vergadering is goed deur albei Blanke bevolkingseksies bygewoon. Die Administrateur het gepoog om die onduidelikhede in verband met die voorgestelde Unieburgerskap en die toekomstige regeringsvorm vir Suidwes-Afrika te verduidelik. Die Duitse seksie was heftig gekant teen dië resolusie en enige verwysing na Unieburgerskap is begroet met uitroepe van afkeer en veragting. Die Administrateur het sy magteloosheid treffend uitgedruk: "Ek kon nie één woord sê nie wat die minste vooruitsig gehad het om die vergadering te beïnvloed. Die vergadering was in ewe groot mate vyandelik gesind als die bevolking in ander plekke welwillend opgetree het."

---

14. U.G. 21-1923: Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1922, p.6.

Kolonel de Jager het die houding van die Unieseksie duidelik gestel. Hulle was vasbeslote om 'n verandering in die konstitusie van Suidwes-Afrika te bewerkstellig. Volgens hom het die tyd aangebreek om, indien die Duitsers nie in dié verband wou saamwerk nie, sonder hulle voort te gaan. Raadslid Otzen het op die praktiese probleme gewys indien die Duitse seksie nie die voorgestelde resolusie sou aanvaar nie. Die argumente van Otzen is egter met uitroepe van afkeuring begroet.

Die Administrateur het in die lig van hierdie negatiewe gesindheid van die Duitse seksie die volgende voorstel aan die Adviesraad voorgehou: "Terwyl hierdie Raad die besluit ten volste ondersteun wat sy voorganger geneem het te Swakopmund op 12 Desember 1922 met betrekking tot die verwerwing van Unie Burgerregte deur Duitse nasionale in Suidwes Afrika, wil hy by die Unie Regering op die raadsaamheid aandring om [die] Parlement te versoek om in die teenwoordige sessie 'n wet aan te neem ter uitvoering van vermelde besluit. Verder wens die Raad om die Regering te versoek die 31ste Desember 1922 vas te stel as die datum van domisilie soos voorgestel word in paragraph (3) van vermelde besluit." Dié voorstel is nie deur die Adviesraad tydens sy vergadering van 19 Februarie 1923 aanvaar nie. Die Adviesraad het die resolusie van 12 Desember 1922 net so behou en gewag dat die Unieregering daarop moes reageer.[15]

---

15. Mem.43: Verklaring van Sy Eksellensie die Administrateur op die vergadering van die Adviserende Raad te Windhoek op die 19de Februarie 1923, s.p.; Allgemeine Zeitung, 24.2.1923; The Windhoek Advertiser, 21.3.1923, 24.3.1923 en 28.3.1923; Die Suidwes Nuus, 31.3.1923 en 6.4.1923.

## 5.3. GENERAAL HERTZOG SE BESOEK, 1924.

Die nuutverkose Suid-Afrikaanse Eerste Minister, generaal J.B.M. Hertzog, het gedurende September 1924 'n belangrike verklaring in die Parlement gedoen. Dit was volgens hom wenslik dat die inwoners van Suidwes-Afrika 'n mate van selfbestuur moes kry en daarom sou die een of ander vorm van konstitusie aan Suidwes-Afrika toegeken moes word. Hy het Suidwes-Afrika in Oktober en November besoek met die doel om van die mense se begeertes in dié verband te verneem. Hy is oral met groot geesdrif ontvang. Sy besoek het 'n besondere positiewe uitwerking gehad, aangesien dit die Suidwesters oortuig het dat die Unieregering werklik in hulle belanggestel het. Hertzog het verskeie petisies ontvang waarvan die vernaamste besprekingspunt die toekomstige regeringsvorm was. Hertzog het egter geen bepaalde mededeling in verband daarmee gemaak nie, maar hy het dit duidelik gestel dat hy ondersoek kom instel het. [16.]

Dit was die geleentheid vir die inwoners om hulle diepste wense betreffende die toekomstige regeringsvorm van Suidwes-Afrika aan Hertzog bekend te maak. Die Farmers and Settlers Union van Windhoek het gedurende sy kongres van 6 September 1924 sekere resolusies aanvaar wat aan generaal Hertzog voorgelê moes word. Die unie het versoek dat Suidwes-Afrika volksverkose verteenwoordiging moes verkry en dat die Adviesraadsvergaderings intussen oopgestel moes word vir die publiek. [17.]

---

16. U.G. 33-1925: Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1924, p.6.

17. A. 312 Varia Administrasie S.W.A., vol.48 item 145: brief waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika/sekretaris van die Eerste Minister, 17.10.1924.

Die Duitsers het 'n petisie aan generaal Hertzog voorgelê. Hulle het gestreef na 'n volksverkose wetgewende liggaam wat die reg sou hê om 'n begroting in te dien. Die liggaam moes bestaan uit 'n driekwart volksverkose en 'n kwart benoemde lede. Laasgenoemde moes benoem word op grond van die nominasies van die onderskeie beroepsorganisasies. Hulle het die proporsionele verkiesingsisteem verkies, aangesien die plaaslike Blanke bevolking yl en oneweredig versprei was. Die instelling van kiesafdelings op die basis van administratiewe distrikte was volgens hulle nie geskik vir die plaaslike toestande nie. Intussen moes die Adviesraad uitgebrei word en moes sy vergaderings vir die publiek oopgestel word. By die benoeming van dié Adviesraadslede moes die genomineerdes van beroepsorganisasies ten volle in ag geneem word.[18.]

Die Unieparty van Suidwes-Afrika het aan A. de Wet, A.P. Olivier en die voorsitter, advokaat F. van der Heever, opdrag gegee om die opheffing van die mandaat oor Suidwes-Afrika met generaal Hertzog te bespreek, aangesien dit vooruitgang van die land belemmer het en dit die land blootgestel het aan onnodige buitelandse inmenging. Die samewerking tussen die ouer bevolking en die Unieburgers is ook belemmer, aangesien eersgenoemde nog steeds gehoop het dat Suidwes-Afrika aan Duitsland teruggegee sou word, terwyl dit selfs by die Unieburgers 'n sekere mate van onsekerheid veroorsaak het. Die Unieparty was dus ten gunste van die aansluiting van Suidwes-Afrika by die Unie van Suid-Afrika. Die party het voorgestel dat 'n Raad bestaande uit tien tot sestien lede vóór die aansluiting van Suidwes-Afrika by die Unie ingestel moes word. Die helfte van die

---

18. S.W.A.A./I/A.427/2 vol.1: brief waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika/sekretaris van die Eerste Minister, 21.10.1924.

lede moes genomineer word, terwyl die ander helfte uit verkose verteenwoordigers moes bestaan. Die party het ook die instelling van 'n Uitvoerende Raad, wat verantwoordelik sou wees aan bogenoemde Raad, bepleit. Die Unieparty was van mening dat die vetoreg nie by die Administrateur moes berus nie, maar by die Goewerneur-generaal-in-rade, terwyl staatsamptenare nie op die Raad genomineer moes word nie.[19.]

Die Suidwesters het, ten spyte van hulle verskille oor die samestelling van 'n toekomstige regeringsvorm vir Suidwes-Afrika, 'n gemeenskaplike begeerte gehad. Hulle het die instelling van 'n volksverkose regeringsliggaam in die plek van die genomineerde Adviesraad bepleit.

## 5.4. DIE RESOLUSIE VAN DESEMBER 1924.

Die Adviesraadsvergadering van 8 Desember 1924 en die daaropvolgende dae was van kardinale belang vir die toekomstige regeringsvorm van Suidwes-Afrika. 'n Wye verskeidenheid sake van algemene belang is ook bespreek, onder andere die ontwikkeling van Walvisbaai se hawe, die spoorlyn tussen Walvisbaai en Swakopmund en die brug oor die Swakoprivier, die konstruksie van die Gobabisspoorlyn, die Rehoboth-kwessie, die brandmerkwet en geskilpunte oor die grens tussen Suidwes-Afrika en Angola.[20.]

Tydens hierdie vergadering is belangrike resolusies aanvaar. Die Adviesraad het 'n resolusie van dank gerig aan generaal Hertzog omdat hy so gou ná sy verkiesing as Eerste Minister 'n besoek aan Suidwes-Afrika gebring het. Dit was vir hulle

---

19. S.W.A.A./I/A.427/2 vol.1: brief sekretaris van die Unieparty/Sekretaris van Suidwes-Afrika, 22.10.1924.

20. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Agenda of meeting of Advisory Council on 8th December, 1924 and following days; The Windhoek Advertiser, 20.12.1924 en 24.12.192

voldoende bewys van "the Union Government's conception of its responsibility as Mandatory Power and of General Hertzog's determination after acquainting himself personally with actual conditions in this Territory, to advance the welfare of its inhabitants with the utmost speed and in the fullest measure possible." [21]

Die Adviesraad het ŉ resolusie van dank aan generaal Smuts gestuur, aangesien hy ŉ aansienlike bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van Suidwes-Afrika. Die Adviesraad was van mening dat die Suidwesters die toekoms met vertroue tegemoet kon gaan omdat hulle ook ŉ vriend gehad het in die opposisieleier van die Unieparlement. [22]

Op 13 Desember 1924 het die Adviesraad ŉ uiters belangrike resolusie, bestaande uit 29 artikels, in verband met die toekomstige regeringsvorm van Suidwes-Afrika aanvaar. Die Adviesraad was ten gunste van die instelling van ŉ Wetgewende Raad: [23]

---

21. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.33 item 111: brief Administrateur/J.B.M. Hertzog, 17.12.1924.

22. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Advisory Council meeting: 8th December, 1924. Draft resolutions, pp.3-4; A.231 Peter Müller aanwins, vol.4: Sitzung des Beirates: 8 Dezember 1924: Entwurf der Beschlüsse, pp.2-3; The Windhoek Advertiser, 20.12.1924.

23. A. 231 Peter Müller aanwins, vol.5: Future form of government. Resolutions adopted by the Advisory Council on the 13th December, 1924 at Swakopmund, pp.1-6; S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Future form of government. Resolutions adopted by the Advisory Council on 13th December, 1924 at Swakopmund, pp.1-5; U.G. 33-1925: Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1924, pp.6-8; The Windhoek Advertiser, 24.12.1924.

* Die Raad moes bestaan uit 24 lede, waarvan die helfte verkies en die ander genomineer moes word.
* Elke Blanke manlike Britse onderdaan van 21 jaar en ouer kon geregistreer word as 'n kieser. Hulle moes egter vir 'n tydperk van minstens twaalf maande voor die datum waarop enige registrasie van kiesers sou plaasvind, in die land woonagtig wees.
* Raadslede sou vir 'n tydperk van drie jaar verkies of benoem word, maar die Administrateur kon van tyd tot tyd die Raad ontbind of verdaag.
* Die Raad moes bevoegdheid ontvang om ordonnansies oor 'n wye verskeidenheid sake van openbare belang uit te vaardig, naamlik landbou, plaaslike bestuur, hospitale, liefdadigheidsinrigtings, pos- en telegraafwese, gevangeniswese en verbeteringshuise, publieke gesondheid, publieke werke, vis- en wildbeskerming, boswese, paaie, die brandmerk van vee, markte en skutte, sensus en landboustatistiek en laastens winkelure. Verder moes die Raad ook ordonnansies kon uitvaardig oor enige ander onderwerp wat van tyd tot tyd spesiaal deur die Unieregering (of die Administrateur) aan hom opgedra sou word.
* Die Raad moes die reg hê om sy sienswyse uit te spreek oor die jaarlikse begroting van Inkomste en Uitgawes, wat in sy geheel deur die Administrateur opgestel sou word. Daarná moes die Administrateur dit finaliseer en aan die Unieregering vir goedkeuring stuur.
* Die ordonnansies van die Raad sou eers wetlik van krag wees as die Administrateur dit goedgekeur het.
* Die Raad moes oor uitvoerende mag beskik en dit kon uitoefen deur middel van die Uitvoerende Komitee.
* Die Uitvoerende Komitee moes as volg saamgestel word:
  - Twee lede moes deur die Raad uit sy geledere verkies word.
  - Twee lede moes deur die Administrateur uit die Raad se geledere benoem word.
  - Die voorsitter van die Raad moes "ex officio" lid wees

van die Uitvoerende Komitee.

* Die Raad moes een voorsitter verkies, wat oor 'n beslissende stem sou beskik en hy moes die Administrateur voorsien van alle Raadsordonnansies en -besluite.
* Alle bevoegdhede wat nie aan die Raad toegeken is nie, moes nog steeds deur die Administrateur beoefen word.
* Die setel van die Raad moes in Windhoek wees en die Raad moes minstens een keer per jaar vergader.
* Die Raadsvergaderings moes oopgestel word vir die publiek.
* Die voorgestelde konstitusie sou slegs deur die goedkeuring van twee derdes van die Raad gewysig kon word. Die Adviesraad het aanbeveel dat daar gedurende die volgende sitting van die Suid-Afrikaanse Volksraad uitvoering aan bogenoemde besluit gegee moes word.

Die Administrateur het die Adviesraadsresolusie van 13 Desember 1924 treffend saamgevat. Die vernaamste beginsels wat in hierdie resolusie van 29 artikels vervat was, was dat die mate van plaaslike selfregering van 'n proefondervindelike aard moes wees. Die Wetgewende Raad se magte moes dus aanvanklik beperk wees. Verder moes dié wetgewende liggaam slegs uit een huis bestaan en moes ruimte gelaat word vir die snelle uitbreiding van bevoegdhede indien dit nodig sou word. Beheer oor die gereserveerde magte moes nie na Pretoria verplaas word nie, maar in Windhoek bly. Daar moes een finansiële stelsel wees en die Wetgewende Raad moes aansienlike bevoegdhede daaroor ontvang. Die kiesreg moes op meerderjarigheid gebaseer wees.[24.]

---

24. Mem.46: Toespraak gelewer deur Sy Edele G.R. Hofmeyr, Administrateur van Suidwes Afrika, gedurende sy reis onlangs deur die Gebied, November 1925, pp.21-22.

Die Adviesraadsresolusie van 13 Desember 1924 het heelwat ongunstige reaksie vanaf die Duits- en Engelssprekende Blanke bevolkingseksie ontlok. The Windhoek Advertiser, wat 'n parlementêre regeringstelsel ondersteun het, het die voorgestelde regeringstelsel verwerp. Die koerant was van mening dat die Suid-Afrikaanse Volksraad heelwat sou verander aan dié Adviesraadsresolusie. Die Suid-Wes Nuusblad het egter 'n meer gematigde houding ingeneem en was van mening dat die Adviesraadsresolusie taamlik in lyn was met wat algemeen verwag is en wat onder omstandighede wenslik was. Die grootste beswaar was teen die groot aantal lede van die Wetgewende Raad, veral in die lig van sy beperkte werksaamhede en die netelige finansiële posisie van die land. Volgens die koerant sou 'n Raad van 14 tot 16 lede voldoende wees en dit sou heelwat besparing in die hand werk.[25.]

Die Duitse inwoners van Windhoek en omgewing het sterk kapsie gemaak teen dié Adviesraadsresolusie: "... der deutschen Stadt- und Landbevölkerung Windhuks protestiert gegen die vom Landesbeirat am 13. Dezember 1924 in Swakopmund gefassten Beschlüsse über die Selbstverwaltung."* Die Duitsers was van mening dat dié resolusie nie die wense van die Suidwesters verteenwoordig het nie.[26.]

---

25. Suid-Wes Nuusblad, 5.1.1925.

* "Die Duitsers van Windhoek en omgewing protesteer teen die Adviesraadsbesluit van 13 Desember 1924 te Swakopmund in verband met selfbestuur."

26. Allgemeine Zeitung, 5.1.1925.

## 5.5. DIE ZUIDWEST AFRIKA KONSTITUTIE WET, 1925.

Die Suid-Afrikaanse regering het die Adviesraadsresolusie van 13 Desember 1924 deeglik bestudeer en het op grond daarvan Wet 42 van 1925, of die Zuidwest Afrika Konstitutie Wet, aanvaar. Die nuwe grondwet het voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Wetgewende Vergadering, 'n Uitvoerende Komitee en 'n Adviesraad. Twee en twintig van die nege en twintig artikels van die Adviesraadsresolusie van 13 Desember 1924 is ten volle aanvaar, terwyl sewe artikels gedeeltelik aanvaar is. Die vernaamste beginsels wat deur die Adviesraad aanvaar is, is dus opgeneem in die konstitusie. Die wesenlike verskil tussen die oorspronklike Adviesraadsresolusie en die nuwe Suidwes-konstitusie, was die behoud van die Adviesraad. [27.] Dié wet het op 5 Augustus 1925 van krag geword toe dit in die buitengewone Uniestaatskoerant van dieselfde datum gepubliseer is. Die wet is ook op 17 Augustus 1925 in die Buitengewone Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika gepubliseer. [28.]

### 5.5.1. AFVAARDIGING NA GENERAAL J.B.M. HERTZOG.

Dr. F. Brenner, voorsitter van die Deutscher Bund, het tydens 'n nie-amptelike besoek in Februarie 1925 aan Pretoria 'n onderhoud met generaal J.B.M. Hertzog gevoer. Dr. Brenner het generaal Hertzog verseker dat slegs 'n regeringsliggaam wat deur die meerderheid van die Suidwesters verkies is en wat toebedeel sou wees met voldoende magsbevoegdhede, die vertroue van die bevolking sou geniet. Hertzog het Brenner gerus gestel dat die nuwe konstitusie nog in 'n voorbereidingsfase was. Die Adviesraadsresolusie van Desember 1924 in dié

---

27. A.J. Waters: The laws of South West Africa, 1925, p.61; Mem.46: Toespraak gelewer deur Sy Edele G.R. Hofmeyr, Administrateur van Suidwes-Afrika, gedurende sy reis onlangs deur die Gebied, November 1925, pp.21-22.

28. Official Gazette Extraordinary of South West Africa, 17.8.1925, p.2166.

verband is slegs as inligtingsmateriaal beskou en Hertzog het hom verseker dat daar deeglike konsiderasie aan die wense van die Suidwesters geskenk sou word.

Die voorbereiding van kieserslyste en die afbakening van kiesafdelings sou opgedra word aan 'n kommissie wat die Suidwesters se vertroue sou geniet. Generaal Hertzog wou, voor die finalisering van die nuwe konstitusie van Suidwes-Afrika, 'n afvaardiging wat verteenwoordigend sou wees van beide die Duitse en Unieseksie in Kaapstad ontmoet. [29.]

Generaal Hertzog het sy belofte gestand gedoen en op 21 April 1925 het 'n deputasie, verteenwoordigend van die Duitse en Unieseksie van die gebied, na Kaapstad vertrek om samesprekings met hom te voer rakende die nuwe grondwet van Suidwes-Afrika. Die Duitse seksie is deur dr. F. Brenner, A. Voigts en K. Schätzlein verteenwoordig, terwyl F. van der Heever, A.P. Olivier en F.J. Jooste die Unieseksie verteenwoordig het. [30.] Die ontwerpgrondwet was toe reeds opgestel. Die afgevaardigdes was van mening dat meer bevoegdhede aan die Suidwesters toegeken moes word as waarvoor in die konstitusiewet voorsiening gemaak is. Hulle het egter toegegee dat dit beter sou wees om voorlopig minder bevoegdhede te ontvang en dat verdere toegewings sou afhang van die mate waarin die Duitse en Unieseksie sou saamwerk. Die afgevaardigdes het generaal Hertzog verseker dat hulle sou probeer om saam te werk en om van die nuwe grondwet 'n sukses te maak. [31.]

Die doel van die nuwe grondwet van Suidwes-Afrika was dat die Unieregering sy volle bestuursbevoegdheid oor Suidwes-

---

29. Allgemeine Zeitung, 14.2.1925.

30. The Windhoek Advertiser, 22.4.1925.

31. Debates, Senate of South Africa, 1925, col.1531;
Debates, House of Assembly, vol.5/1925, col.5919.

Afrika sou behou, hetsy direk of deur die Administrateur wat aangestel is om volgens die Unieregering se instruksies op te tree. [32.] Generaal Hertzog het op 13 Julie 1925 in die Volksraad in dié verband verklaar: "We can never forget that the Government of the Union are the mandatories for the Southwest territory." [33.] Die Unieregering wou dus sy volle wetgewende magte oor die gebied behou en in die nuwe grondwet is spesifiek daarvoor voorsiening gemaak. Die Unieregering het homself die reg voorbehou om wette te maak en om in besondere gevalle staatsgeld beskikbaar te stel, asook om die nodige belasting te hef ter bestryding van die administratiewe onkoste van die gebied. Die Unieregering kon alle wette wat deur die Wetgewende Vergadering aangeneem sou word, veto. Die Wetgewende Vergadering kon geen wet aanneem, of die Administrateur kon geen proklamasie uitvaardig wat in stryd sou wees met 'n wet of proklamasie van die Unie van Suid-Afrika nie. [34.]

## 5.5.2. DIE SAMESTELLING EN FUNKSIES VAN DIE ADVIESRAAD.

Die nuwe Adviesraad sou bestaan uit agt lede, naamlik die Administrateur (voorsitter), die vier lede van die Uitvoerende Komitee en drie lede wat die Administrateur sou benoem. Dié benoeming was onderworpe aan die goedkeuring van die Goewerneur-generaal. Een van die genomineerdes moes oor 'n grondige kennis van Naturellesake beskik, aangesien hy die Naturelle moes verteenwoordig. Die ander twee genomineerdes kon uit die geledere van die Wetgewende Vergadering of andersins benoem word, met dien verstande dat al drie genomineerdes in Suidwes-Afrika woonagtig moes wees.

---

32. Mem.1: Wetsontwerp tot regeling van de Zuidwest Afrika Konstitutie. Memorie van toelichting,ongedateerd, p.4.

33. Debates, House of Assembly, vol.5/1925, col.5920.

34. Mem.1: Wetsontwerp tot regeling van de Zuidwest Afrika Konstitutie. Memorie van toelichting, ongedateerd, p.4.

Enige Adviesraadslid wat nie lid van die Wetgewende Vergadering was nie, moes onder leiding van die Administrateur 'n eed of belofte van getrouheid aflê en onderteken. Vier lede sou 'n kworum vorm vir die hou van 'n vergadering. Die Administrateur kon, onderworpe aan die Goewerneur-generaal se goedkeuring, reëls opstel betreffende die werkwyse tydens vergaderings. Die pligte en funksie van die Adviesraad was om die Administrateur te adviseer rakende:

- aangeleenthede waaroor die Wetgewende Vergadering nie ordonnansies kon uitvaardig nie;
- die goedkeuring van die Wetgewende Vergadering se ordonnansies of die terughou daarvan vir die goedkeuring van die Goewerneur-generaal;
- enige ander aangeleenthede waarvoor die Administrateur advies verlang het.

Adviesraadslede sou hulle setels gedurende die bestaan van die Wetgewende Vergadering behou totdat daar, na 'n algemene verkiesing van laasgenoemde, 'n nuwe Adviesraad volgens artikel sewe saamgestel kon word. Adviesraadslede sou besoldiging uit die Inkomstefonds van die gebied ontvang soos wat deur die Goewerneur-generaal van tyd tot tyd vasgestel sou word.[35.]

## 5.5.3. DIE SAMESTELLING EN FUNKSIES VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING.

Die Wetgewende Vergadering het bestaan uit agtien lede, waarvan ses lede deur die Administrateur benoem is, onderworpe aan die goedkeuring van die Goewerneur-generaal. Die oorblywende twaalf lede is direk deur die kieserspubliek verkies. Die termyn van die Wetgewende Vergadering was drie

---

35. Official Gazette Extraordinary of South West Africa, 17.8.1925, pp.2168-2169 en 2171; A.J. Waters: The laws of South West Africa, 1925, pp.62-63, 66.

36. Official Gazette Extraordinary of South West Africa, 17.8.1925, pp.2169-2170.

jaar en dit het op die eerste vergaderdatum 'n aanvang geneem. Die Goewerneur-generaal kon egter onder buitengewone omstandighede die Wetgewende Vergadering voor die tyd ontbind. [36.]

Die Unieregering het ses lede benoem, aangesien die Unie- en Duitse seksie wou hê dat die grondwet daarvoor voorsiening moes maak "that for the time being the Union Government should have the power to rectify any overweight that may be cast into the one or the other scale through the elections." [37.]

Die setel van 'n verkose of benoemde lid was "ipso facto" vakant wanneer hy skriftelik sy bedanking by die Administrateur ingedien het, of indien hy sonder die nodige toestemming van die Administrateur versuim het om 'n volle gewone sessie by te woon. Die Administrateur kon, met die goedkeuring van die Goewerneur-generaal, die benoeming van 'n lid terugtrek. Redes vir so 'n stap moes egter aan die Wetgewende Vergadering verstrek word. 'n Benoemde en verkose lid sou hulle setels verloor indien hulle nie meer oor die nodige kwalifikasies beskik het om as kiesers geregistreer te word nie. [38.]

Die benoemde en verkose lede van die Vergadering moes aan sekere vereistes voldoen. Hulle moes geregistreerde kiesers van Suidwes-Afrika wees. Indien 'n persoon skuldig bevind is aan 'n misdaad waarvoor die doodstraf of gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete opgelê kon word, kon hy nie as lid benoem of verkies word nie. As 'n persoon kwytgeskeld sou word van sy straf, of vrye begenadiging ontvang, of wanneer daar sedert die gevangenisstraf ten

---

37. Debates, House of Assembly, vol.5/1925, col.5919.

38. Official Gazette Extraordinary of South West Africa, 17.8.1925, pp.2170-2171.

minste vyf jaar vóór die verkiesing of benoeming verloop het, kon sodanige persoon wel 'n lid word. 'n Ongerehabiliteerde insolvent, iemand wat deur 'n bevoegde hof kranksinnig verklaar is of 'n winsbetrekking in die Administrasie van Suidwes-Afrika of die Unieregering beklee het, kon eweneens nie as lid van die Wetgewende Vergadering benoem of verkies word nie. 'n Persoon wat opgetree het as registrasie- of hersieningsbeampte by die opstel van die kieserslys kon nie in die betrokke kiesafdeling verkies word nie, maar wel in 'n ander kiesafdeling. [39]

Die Wetgewende Vergadering moes minstens een keer elke finansiële jaar vergader. Daar mag nie meer as twaalf maande verloop het tussen opeenvolgende sessies nie. Die setel van die Wetgewende Vergadering sou in Windhoek wees. Die Administrateur kon van tyd tot tyd by wyse van 'n proklamasie die Vergadering prorogeer. Tydens die eerste sitting, voor die behandeling van enige ander sake, moes die Wetgewende Vergadering een van sy lede tot voorsitter verkies wat die pos vir die hele dienstermyn sou beklee.

Alle besluite is geneem deur 'n meerderheidstem. Gedurende 'n staking van stemme moes die voorsitter 'n beslissende stem uitbring. Die Administrateur en die lede van die Uitvoerende Komitee wat nie lede van die Wetgewende Vergadering was nie, kon deelneem aan die debatte, maar het nie stemreg gehad nie. Die Administrateur kon alleenlik tydens 'n staking van stemme sy stem uitbring indien hy as tydelike voorsitter, vóór die verkiesing van 'n voorsitter, moes optree. Nege van die agtien lede het 'n kworum gevorm. Al die besprekings in die Wetgewende Vergadering is in Engels of Hollands gevoer en alle notules moes in albei tale geskryf word. Enige lid kon die Wetgewende Vergadering egter in Duits toespreek. Vryheid van spraak, onderworpe aan die reglement van orde, is gewaarborg en geen lid kon geregtelik vervolg word as gevolg van sy uitlatings in die Wetgewende Vergadering nie.

---

39. A.J. Waters: The laws of South West Africa, 1925, p.65.

In teenstelling met die ou Adviesraad was die vergaderings van die Wetgewende Vergadering oop vir die publiek. [40.]

Die Wetgewende Vergadering kon wette uitvaardig wat ordonnansies genoem is. Ordonnansies kon oor alle Suidwes-Afrikaanse sake, behalwe dië wat uitdruklik deur die Unieregering gereserveer is, uitgevaardig word. Die Vergadering kon onder spesiale omstandighede toestemming van die Goewerneur-generaal verkry om wel daaroor ordonnansies uit te vaardig. [41.] Die Unieregering het in die lig van sy posisie as mandataris besluit om sekere sake permanent te reserveer. [42.] Artikel 26 van die nuwe grondwet maak daarvoor voorsiening dat die volgende sake permanent deur die Unieregering gereserveer is: Naturellesake; mynwese; spoorweë en hawens; die staatsdiens; die instelling, jurisdiksie en prosedure van die geregshowe; pos- en telegraafwese; militêre organisasie; optrede van die weermag van die Unie van Suid-Afrika; immigrasie; doeane en aksyns, asook betaalmiddele en banke. [43.]

Sekere aspekte is ook tydelik deur die Unieregering gereserveer. Generaal Hertzog het op 13 Julie 1925 in die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika verduidelik waarom sekere aspekte tydelik gereserveer is: "because of the mutual fear

---

40. Official Gazette Extraordinary of South West Africa, 17.8.1925, pp.2171-2172.

41. S.W.A.A./II Unregistered Papers: South West Africa and the Union of South Africa. The history of a mandate, D1; The Windhoek Advertiser, 9.5.1925; Allgemeine Zeitung, 14.6.1926.

42. Debates, House of Assembly, vol.5/1925, col.5920.

43. S.W.A.A./II Unregistered Papers: South West Africa and the Union of South Africa. The history of a mandate, D2; The Windhoek Advertiser, 9.5.1925; Allgemeine Zeitung, 14.6.1926.

which exists between the two parties, which I have indicated, it was better that they should be reserved for the time being from the legislative assembly, but that they should be entrusted to the legislative assembly the moment when that assembly showed by the manner in which the two sections co-operated with one another that it was desirous and that it was capable of legislating and dealing with these subjects." [44].

Die bevoegdheid van die Wetgewende Vergadering oor die tydelike gereserveerde sake kon ná verloop van drie jaar uitgebrei word. Na afloop van die drie jaar kon die Wetgewende Vergadering die Goewerneur-generaal versoek dat dié sake ook onder sy jurisdiksie moes ressorteer, mits 'n tweederde meerderheid ten gunste daarvan was. Die sake wat tydelik deur die Unieregering gereserveer was, was die polisiemag, burgerlike lugvaart, onderwys, die land- en landboubank en die beheer van staatsgrond. [45].

Die Wetgewende Vergadering kon proklamasies aanbeveel vir die aanneem, amendering of die herroeping van 'n wet wat handel oor tydelike of permanente gereserveerde sake. Die Wetgewende Vergadering kon dié aanbevelings aan die Administrateur of direk aan die Goewerneur-generaal rig. Die Administrateur kon die Wetgewende Vergadering enige tyd versoek om hom oor 'n bepaalde saak te adviseer. Die Wetgewende Vergadering moes al sy ordonnansies aan die Administrateur voorlê vir bekragtiging. Die Administrateur kon 'n wysiging voorstel indien hy nie tevrede was met 'n ordonnansie nie. Die Wetgewende Vergadering sou dan dié wysiging bespreek.

---

44. Debates, House of Assembly, vol.5/1925, col.5921.

45. Official Gazette Extraordinary of South West Africa, 17.8.1925, p.2173.

Die Administrateur moes, indien die Wetgewende Vergadering sy wysiging(s) nie wou aanvaar nie, die ontwerpordonnansie na die Goewerneur-generaal stuur, tesame met sy redes waarom hy aanvaarding van die ordonnansie weier. Die Goewerneur generaal moes binne ses maande verklaar of hy die ordonnansie verwerp, goedkeur of vir verdere oorweging terughou. 'n Lys van sulke ordonnansies, asook die redes waarom dit verwerp of vir verdere oorweging teruggehou is, moes aan albei huise van die Unieparlement voorgelê word. Die ordonnansies van die Wetgewende Vergadering het van krag geword sodra dit in die Suidwes-Afrikaanse amptelike koerant gepubliseer is, tensy 'n ander datum in die ordonnansie vermeld word.[46.]

Die Administrateur het in oorleg met die Uitvoerende Komitee die jaarlikse begroting van uitgawes vir Suidwes-Afrika opgestel. Daarna is dit aan die Wetgewende Vergadering voorgelê vir goedkeuring. Die Wetgewende Vergadering kon weier om dié begroting goed te keur, maar indien die weiering byvoorbeeld die betaling van toelaes en salarisse aan die Administrateur, die regter van die Hoërhof en diensdoenende amptenare raak, kon die Goewerneur-generaal die begroting by wyse van 'n proklamasie goedkeur.[47.]

## 5.5.4. DIE SAMESTELLING EN FUNKSIES VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE.

Die Uitvoerende Komitee het bestaan uit vyf lede, naamlik die Administrateur wat aangestel is deur die Goewerneur-generaal, en vier ander lede wat deur die Wetgewende Vergadering aangewys is. Die Administrateur was die voorsitter en in sy afwesigheid kon die Goewerneur-generaal iemand anders aanstel om

---

46. A.J. Waters: The laws of South West Africa, 1925, pp.69-70.

47. A.J. Waters: The laws of South West Africa, 1925, p.71.

waar te neem. Die ampstermyn van die lede, behalwe dié van die Administrateur, was dieselfde as dié van die lede van die Wetgewende Vergadering. Indien daar 'n toevallige vakature sou ontstaan, kon dit deur die Wetgewende Vergadering, indien in sitting, gevul word. Gedurende 'n reses kon die Administrateur voorlopig 'n nuwe lid uit die geledere van die Wetgewende Vergadering aanwys, onderworpe aan 'n verkiesing by die volgende sitting. Die kwalifikasies en diskwalifikasies wat van toepassing was op lede van die Vergadering was op alle Uitvoerende Komiteelede, uitgesonderd die Administrateur, van toepassing. [48.]

Die Uitvoerende Komitee het uitvoering gegee aan die sake waaroor die Wetgewende Vergadering ordonnansies kon uitvaardig. Dié funksie is, tot en met die instelling van die Uitvoerende Komitee, deur die Administrateur vervul. Besluite is deur 'n meerderheidstem geneem. Die Administrateur het 'n beslissende stem gehad indien daar 'n staking van stemme sou ontstaan. Drie lede, waarvan die Administrateur of sy plaasvervanger een moes wees, het 'n kworum gevorm. Die uitvoerende mag het tydelik in die hande van die Administrateur berus indien daar geen kworum verkry kon word nie weens die ontstaan van vakatures. [49.]

5.5.5. AFBAKENING VAN KIESAFDELINGS.

Die Administrateur moes 'n afbakeningskommissie benoem nadat die kieserslyste finaal voltooi is. Die voorsitter moes

---

48. Official Gazette Extraordinary of South West Africa, 17.8.1925, p.2167.

49. Official Gazette Extraordinary of South West Africa, 17.8.1925, pp.2167-2168; Debates, House of Assembly, vol.5/1925, col.5921.

iemand wees met regsondervinding of 'n advokaat wat reeds sewe jaar lank gepraktiseer het en twee ander lede moes as kommissarisse optree. Die taak van die afbakeningskommissie was om Suidwes-Afrika in twaalf kiesafdelings in te deel met die oog op die verkiesing van die twaalf lede van die Wetgewende Vergadering. Elke kiesafdeling sou een lid vir die Vergadering verkies. Die verdeling moes só geskied het dat daar sover moontlik 'n gelyke aantal kiesers in elke kiesafdeling sou wees. Die afbakeningskommissie moes na die voltooiing van hulle opdrag die volgende aan die Administrateur voorlê:

- 'n lys van die nuwe kiesafdelings, die benaming van elk en die beskrywing van elke kiesafdeling se grense;
- 'n kaart van die gebied wat die kiesafdelings se grense aandui;
- enige verdere tersaaklike inligting.

Die kommissarisse het die bevoegdhede en jurisdiksie van die Hoërhof van Suidwes-Afrika geniet ten opsigte van die dagvaardiging van getuies, die produksie van dokumente en die afneem van die eed van getuies, asook die bestraffing van persone wat die dagvaardiging om voor die kommissie te verskyn, verontagsaam het. Die Administrateur moes in die Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika die name en grense van die finaal afgebakende kiesafdelings publiseer.[50]

## 5.5.6. ALGEMENE REëLINGS.

Die Hoërhof van Suidwes-Afrika het regsmag gehad oor alle sake wat handel oor die geldigheid van 'n ordonnansie. 'n Magistraatshof was nie bevoeg om uitspraak te lewer oor die geldigheid van 'n ordonnansie nie. Alle proklamasies,

---

50. A.J. Waters: The laws of South West Africa, 1925, pp.63-64.

ordonnansies, regulasies en kennisgewings moes in albei tale in die Offisiële Koerant van die gebied gepubliseer word. Vir die doeleindes van die konstitusiewet is Walvisbaai beskou as deel van Suidwes-Afrika en die Caprivi Zipfel nie as deel van Suidwes-Afrika nie. Geen artikel van die konstitusiewet het dit ten doel gehad om op enige wyse die volle bevoegdheid van bestuur en wetgewing van die gebied as 'n integrale deel van die Unie van Suid-Afrika volgens die Zuidwest-Afrika Mandaat Wet, 1919 (Wet no. 49 van 1919) op te hef, te verminder of inbreuk daarop te maak nie. Die grondwet, behalwe artikels 26 en 44, kon na die verloop van drie jaar gewysig word, indien die beoogde wysiging deur 'n twee-derde meerderheidsbesluit van die Wetgewende Vergadering aanvaar word. [51.]

## 5.5.7. REAKSIE OP DIE ZUIDWEST AFRIKA KONSTITUTIE WET.

Die Adviesraad het tydens sy sitting van 13 en 14 Mei 1925 sy dank teenoor die Unieregering uitgespreek oor die vinnige reaksie op die resolusie van 13 Desember 1924. Die toekenning van uitgebreide bevoegdhede ten opsigte van plaaslike selfbestuur aan Suidwesters gedurende die eksperimentele oorgangsfase en die buigbaarheid van die konstitusie, sodat daar vinniger op pad na groter seggenskap in plaaslike bestuur beweeg kon word, het die Adviesraad blymoedig gestem. Die Adviesraad het die Administrateur versoek om in die lig hiervan hulle dank aan die Unieregering oor te dra. Hulle het die Unieregering verseker dat geen steen onaangeroer gelaat sou word nie om die vertroue te regverdig wat die Unieregering in die Suidwesters getoon het. [52.]

---

51. A.J. Waters: The laws of South West Africa, 1925, pp.71-73.

52. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Advisory Council meeting held on 13th and 14th May, 1925, p.1; Allgemeine Zeitung, 18.5.1925.

Administrateur G.R. Hofmeyr het gunstig gereageer ten opsigte van die nuwe grondwet. Hy het tydens sy besoeke aan verskeie plekke in Suidwes-Afrika in November 1925 die voordele wat die wet vir die Suidwesters ingehou het, aan sy toehoorders geskets. Die vernaamste verskil tussen dié grondwet en die Provinsiale Raadstelsel van die Unie van Suid-Afrika was dat daar slegs sekere onderwerpe van die jurisdiksie van die Wetgewende Raad gereserveer is, terwyl aan die Provinsiale Rade jurisdiksie oor 'n aantal sake toegeken is. Die jurisdiksie van die Wetgewende Vergadering oor die tydelik gereserveerde sake kon dus mettertyd uitgebrei word, terwyl die bevoegdhede van die Provinsiale Rade redelik rigied vasgepen was. Die Wetgewende Vergadering was verantwoordelik vir die nodige wetgewing en die Uitvoerende Komitee vir die administrasie van sake wat binne die jurisdiksie van die Wetgewende Vergadering geval het. Die Adviesraad moes in die praktyk sorg vir die wetgewing en administrasie van dié sake wat buite die wetgewende bevoegdheid van die Wetgewende Vergadering geval het.

Hofmeyr was van mening dat die Suidwesters verseker is van 'n kragtige stem, beide in wetgewing oor en in die administrasie van gereserveerde onderwerpe, aangesien die Uitvoerende Komitee 'n meerderheid van die Adviesraad sou uitmaak. Volgens hom was die finansiële kontrole die grootste mag wat aan die Wetgewende Vergadering toegeken is. Die begroting van uitgawes vir alle onderwerpe, beide toegekende en gereserveerde onderwerpe, moes aan die Wetgewende Vergadering vir goedkeuring voorgelê word. Hofmeyr het die hoop uitgespreek dat die Suidwesters die Unie se vertroue, soos vergestalt deur die Konstitusie, waardig sou wees. Hy het al die bevolkingsgroepe aangeraai om die hele grondwet met welwillendheid aan te neem en om nie soos sommige mense die goedertrou van die Unieregering, Unieparlement of die Eerste Minister self in twyfel te trek nie.[53]

53. Mem.46: Toespraak gelewer deur Sy Edele G.R. Hofmeyr, Administrateur van Suidwes-Afrika, gedurende sy reis onlangs deur die Gebied, November 1925, pp.20-21.

Die reaksie op die nuwe Suidwes-Afrikaanse grondwet was egter nie uit alle oorde so gunstig soos diê van administrateur Hofmeyr nie. Die Allgemeine Zeitung het die nuwe grondwet as volg afgekraak: "Die neue Verfassung ist eine Fortsetzung der bisherigen Mêthode einer Regierung des Administrators durch Proklamation, in einem neuen Gewande. Die Legislative hat allerdings das Recht, Gesetze zu erlassen, doch sind die wichtigsten Angelegenheiten ihrem Machtbereich entzogen, so dass sie vollkommen machtlos ist." *

Die gevolgtrekking waartoe die koerant gekom het, was dat die land niks deur die nuwe grondwet gewen het nie, maar dat slegs nuwe uitgawes daardeur veroorsaak is. [54.]

Die reaksie van The Windhoek Advertiser oor die nuwe grondwet was as volg: "A first perusal of the measure is followed by a sense of disappointment. So much has been withheld, and the 'protective' provisions are so numerous, that an impression is created that the powers actually left in the hand of the local legislature are so unimportant that the new body will be little more than a Divisional Council."

Diê koerant het die Duitse seksie versoek om die nuwe posisie kalm te oorweeg, aangesien dit onredelik sou wees om te verwag dat die Unieregering die administrasie van die gebied onvoorwaardelik in die hande van die Suidwesters moes oorgee. Die Unie, as mandataris, was in 'n uiters verantwoordelike posisie en moes die vrye reg hê om na goeddunke in te gryp.

---

* "Die nuwe grondwet is 'n voortsetting van die tot nou toe bestaande regeringsmetode van die Administrateur deur proklamasie, in 'n nuwe gewaad. Die Wetgewende Vergadering het weliswaar die reg om wette uit te vaardig, maar die belangrikste aangeleenthede sorteer nie onder sy jurisdiksie nie, sodat hy volkome magteloos is."

54. Allgemeine Zeitung, 9.5.1925.

in Suidwes-Afrika se sake. Die Suidwesters moes eers bewys lewer dat hulle oor die vermoë en wil beskik om hulle eie sake te hanteer. Die koerant was die mening toegedaan dat die Unieregering dan die meeste bevoegdhede wat hy gereserveer het, aan die Suidwesters sou delegeer.[55.]

Ons Vriend het positief gereageer op die nuwe grondwet: "Die dae van 'n een man Regering is voorby! Elk lid van die uitvoerende raad sal so veel mag hê as die Administrateur self, en die lede sal gesamlik [sic] hul politiek oorweeg en elke wetsontwerp sal die goedkeuring van 'n meerderheid van die huis moet hê vóór dit wetgewing sal wees."[56.]

Generaal J.C. Smuts, leier van die Opposisie in die Unieparlement, het generaal Hertzog in die Volksraad gelukgewens met die nuwe grondwet vir Suidwes-Afrika. 'n Verandering in die administrasie van die gebied was onvermydelik en 'n vertraging in die toestaan van die konstitusie sou lei tot verdere probleme.[57.]

Die nuwe grondwet, alhoewel 'n groot verbetering op die ou Adviesraadstelsel, het egter heelwat beperkinge gehad. Die Unieparlement het die belangrikste sake gereserveer, sodat die bevoegdhede van die Suidwesters ten opsigte van selfbestuur beperk was.

## 5.6. A.J. WERTH VERVANG G.R. HOFMEYR AS ADMINISTRATEUR.

Hofmeyr se dienstermyn as Administrateur het intussen einde se kant toe gestaan. 'n Petisie deur die "Britse onderdane", wat oorwegend lede van die Unieseksie was, is in Oktober 1925

---

55. The Windhoek Advertiser, 13.5.1925.

56. Ons Vriend, 29.10.1925.

57. The Windhoek Advertiser, 15.7.1925.



Die Suidwesters neem afskeid van administrateur G.R. Hofmeyr: Windhoekse stasie, 1926.
(S.W.A. Argiefbewaarplek, Windhoek.)

aan generaal Hertzog gerig, waarin versoek is dat Hofmeyr se dienstermyn verleng moes word. Dit het as volg gelui: "Dat dit ons wens en bede is dat Mnr. Hofmeyr by ons mag bly as onse Administrateur en vriend. Mnr. Hofmeyr ken die aangeleenthede en toestande van ons land en ons beskou dat dit nie nodig is om hom te herroep nie, virnaamlik [sic] nou dat ons onse eie konstitusie kry, waaronder Mnr. Hofmeyr die hulp en bystand sal hê van die verteenwoordigers van die volk." [58.] Ons Vriend het die verlenging van Hofmeyr se ampstermyn geesdriftig ondersteun en sy lesers gewys op die goeie werk wat die Administrateur tydens sy ampstermyn verrig het. [59.]

Diegene wat gekant was teen bogenoemde petisie het op 7 November 1925 in die hotel Alter Römer vergader. Die vergadering is geïnisieer deur die Windhuker Berufsvereinigungen. [*] [60.] Ons Vriend het hierdie byeenkoms bitsig veroordeel en volgens dié koerant het dit die stempel gedra van "'n absuluut gemis van goeie smaak" en "'n jammerlike dwase en belaglike kinderagtige vertoning." [61.]

Hofmeyr het, in die lig van die petisie, op 10 November 1925 aangekondig dat hy bereid was om as Administrateur aan te bly. The Windhoek Advertiser het dié aankondiging van die Administrateur nie gunstig ontvang nie. Die feit dat Hofmeyr vyf jaar lank 'n unieke gesagsposisie beklee het, sou volgens die koerant aanleiding gee tot probleme tussen die Administrateur en die nuwe Wetgewende Vergadering. Die koerant het dus sy twyfel uitgespreek of daar ses maande van rustigheid sou verloop voordat 'n dooie punt sou ontstaan tussen Hofmeyr en die Wetgewende Vergadering. Hofmeyr se dienstermyn moes dus nie verleng word nie. [62.]

---

58. Ons Vriend, 5.11.1925.
59. Ons Vriend, 29.10.1925.
* Windhoekse Beroepsverenigings.
60. The Windhoek Advertiser, 7.11.1925; Ons Vriend, 12.11.1925.
61. Ons Vriend, 12.11.1925.
62. The Windhoek Advertiser, 11.11.1925.

Die bespiegelinge oor die ampstermynverlenging van administrateur Hofmeyr is uiteindelik beëindig deur die amptelike aankondiging in die Volksraad dat Hofmeyr se dienstermyn op 31 Maart 1926 sou verstryk.[63.] Albertus Johannes Werth, parlementslid vir die kiesafdeling Kroonstad, is vanaf 1 April 1926 as die nuwe Administrateur aangestel.[64.]

---

63. Debates, House of Assembly, vol.6/1926, col.115.

64. The Windhoek Advertiser, 31.3.1926; K. Donaldson: South African Who's Who, 1927-1928, p.338.



Administrateur A.J. Werth, 1926-1933.
(S.W.A. Argiefbewaarplek, Windhoek.)